



Verwysing: 20200721-7106
Lêerno.: 3/3/3/3/1
Navrae: M Mpiti

Strategiese Mensbestuursminuut: 0005/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Deeltydse studiebeurs skema vir staatsdienswerknemers (2021-akademiese jaar)

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) rig 'n uitnodiging aan alle staatsdienswerknemers wat in 2021 deelydys wil studeer om aansoek te doen vir deelydse studiebeurse.
2. In ooreenstemming met die *National Qualifications Framework Act, 2008 (Act 67 of 2008)*, soos gewysig, asook die toelatingsvereistes vir middelbestuur- en senior bestuursposte, sal die WKOD voorkeur gee aan staatsdienswerknemers wat hul kwalifikasies tot graadvlak (NKR 7) wil verbeter, of wat onderneem om vir 'n nasionale diploma (NKR 6), wat uitloop op NKR 7 of 'n voorgraadse graad (NKR 7), te studeer.
3. Beurse sal slegs aan aansoekers toegeken word indien hulle:
 - a) Suid-Afrikaanse burgers is;
 - b) permanente werknemers is wat aangestel is ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994);
 - c) voldoen aan die toelatingsvereistes van die betrokke hoërondewysinrigting (HOI);
 - d) 'n bewys van die aansoek, of 'n afskrif van die kontantkwitansie van die HOI vir die 2021-akademiese jaar, kan toon;
 - e) verbind is tot deelydse studie gedurende 2021;
 - f) studeer om 'n voorgraadse of nagraadse kwalifikasie te verwerf; en
 - g) nie in ontvangs van 'n ander staatsbeurs of enige ander beurs is nie.
4. Alle aansoeke sal geëvalueer word ooreenkomstig die volgende kriteria:
 - Die gepastheid van die voorgenome studieveld met betrekking tot die WKOD se huidige en toekomstige strategiese behoeftes.
 - Die betrokke komponent se behoefte aan spesifieke of skaarsvaardighede.
 - Gelyke beregtiging (ras, geslag, gestremdhede).
 - Óf aansoekers uit landelike óf stedelike gebiede kom.
 - Verband met die spesifieke posbeskrywing.

- Salarisvlakke en die beskikbaarheid van fondse.
 - Eerste kwalifikasie teenoor tweede kwalifikasie.
 - Die toesighouer se aanbeveling, wat die aansoek moet vergesel.
5. Geen laat, onvoltooide gefakste of onleesbare aansoeke sal in aanmerking geneem word nie. Alle aansoeke moet teen **Vrydag, 16 Oktober 2020**.
6. Aansoeke vir die volgende studieveld, waar daar 'n tekort aan gekwalifiseerde personeel en/of 'n voortdurende behoefte in die WKOD is, sal voorkeur ontvang:

	TIPE KWALIFIKASIE	STUDIEVELD/DISSIPLINE
1.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Finansiële Bestuurstelsels, Finansiële Rekeningkunde, Bestuursrekeningkunde en Ouditkunde
2.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Menslikehulpbronbestuur/Ontwikkeling, Bedryfsielkunde
3.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Openbare Bestuur
4.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Inligtingstelsel/Inligtingsbestuur
5.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Bedryfsverhoudinge, Arbeidsverhoudinge
6.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Projekbestuur
7.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Veiligheidsbestuur/Sekuriteitsbestuur
8.	Graad (NKR-vlak 7)/Diploma (wat uitloop op NKR-vlak 7)	Argiewe en Rekordbestuur
9.	Honneurs Graad (NKR-vlak 8)	Bedryfsielkunde, Bestuursrekeningkunde, Arbeidsverhoudinge, Projekbestuur, Ouditkunde

7. Instruksies aan aansoekers: Gebruik die volgende skakel om aanlyn aansoek te doen vir die staatsdiensbeurse, of skandeer die Vinnige Reaksie Kode om toegang te verkry tot die skakel op u selfoon/tablet.

https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=f790rsPPYEeh_gcxr6pVAhJlmtb5hz5FiPdS4qjWfDUMFhZWE5aODdHRzNDWU4wRFFBRVhNRzhFWC4u



8. Kandidate moet die volgende voltooide dokumente elektronies indien:
- 'n Voltooide beursaansoekvorm (hierby aangeheg).
 - 'n Geskrewe beraming van die studiekoste (registrasie- en onderriggeld) van die HOI vir die 2021-akademiese jaar (hierdie inligting kan verkry word by die HOI).
 - Die toesighouer se aanbeveling en motivering van die aansoek.
 - Bewys van die aansoek of 'n afskrif van die kontantkwitansie van die HOI.
9. **Dokumente moet elektronies ingedien word by:** Malorato.Mpiti@wced.info.
10. Die Beurskomitee sal alle aansoeke oorweeg en dan aanbevelings maak oor die toekenning van beurse. Die aantal aansoeke wat ontvang is en die beskikbare fondse sal bepaal hoeveel beurse toegeken sal word.
11. Elke suksesvolle aansoeker sal 'n formele ooreenkoms (beurskontrak) met die WKOD moet aangaan om 'n jaar diens te lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken is, en om te voldoen aan al die ander bepalinge wat in die ooreenkoms uiteengesit is.
12. Enige navrae oor die proses rakende staatsdiensbeursaansoeke vir 2021 kan gerig word aan me. Malorato Mpiti by e-posadres Malorato.Mpiti@westerncape.gov.za of per tel. by 021 467 2155.
13. Maak asseblief seker dat al die staatsdienswerknemers in u komponent bewus is van die inhoud van hierdie minuut.

GETEKEN: LJ ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2020-09-01